**BEKENDSTELLINGSBRIEF**

SMIT & KIE BROKERS
**Adviserende Makelaar**
Koos Smit
FSP: 11184

SMIT & KIE BROKERS
**Administratiewe Makelaar**
Smit & Kie Makelaars (Edms) BPK
FSP: 11184

Ek is ingevolge die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangersdienste (FAIS) verplig om die volgende inligting aan u te verstrek en versoek u handtekening op die aangehegte kopie as ontvangs hiervan.

| | |
|---|---|
| My naam is | Koos Smit en my persoonlike kontakbesonderhede is soos volg: |
| Selfoon: | 082 466 9884 |
| ID-nommer: | 630702 5056 089 |
| E-pos: | koos@smitk.co.za |

1. Ek is in diens van Smit & Kie Makelaars (Edms) BPK `n lid van Smit & Kie en `n Gemagtigde Finansiëlediensteverskaffer. Ek is `n geregistreerde verteenwoordiger van die genoemde maatskappy, lisensienommer 11184. Die kantoor is geleë te Tzaneen. Die maatskappy aanvaar verantwoordelikheid vir my aktiwiteite en ek word vir my dienste vergoed met `n kommissie wat aan die maatskappy betaal word. `n Kopie van die lisensie met besonderhede oor die finansiële dienste wat ek gemagtig is om te verskaf, saam met enige vrystellings, is op versoek ter insae beskikbaar. www.fsca.co.za

2. Ek lewer finansiële advies- en tussengangersdienste sedert 2004 in die ondergenoemde gebiede en ek is geskik en gepas volgens die FAIS-vereistes:- Korttermyn – Kommersieel & Persoonlike Reekse Kategories 1.2, 1.6 en 1.23(A1).

3. Die maatskappy het Professionele Skadeloosstellingsversekering, Getrouheidswaarborgdekking en Tussengangerswaarborgfasiliteitsdekking ooreenkomstig FAIS en het skriftelike magtiging om die produkte van verskeie versekeraars en onderskrywingsbestuurder te bemark, soos:
Renasa, Santam, Bryte, Associated Marine, Old Mutual Insure en ander. Verwys asseblief na ons webwerf (www.smitk.co.za) vir `n volledige lys van ons verskaffers.

4. Die maatskappy hef `n kliëntediensfooi ingevolge artikel 12.4.2 van die Korttermynversekeringswet en u stem in dat sodanige fooi aan u verduidelik is. Die presiese geldelike bedrag asook die kliëntedienste waaruit die genoemde fooi saamgestel is, sal in u versekeringspolis openbaar gemaak word. Al u regte ingevolge hierdie fooi bly voorbehou en is in ooreenstemming met wetgewing.

5. Die maatskappy het meer as 30% van verlede jaar se kommissie en vergoeding vanaf Renasa Versekeringsmaatskappy Beperk ontvang. Die maatskappy hou nie meer as 10% van die aandele wat deur `n versekeraar uitgereik is nie en is ook nie `n geassosieerde maatskappy van `n versekeraar nie.

6. Nakoming van die FAIS-wet word gemonitor deur Masthead (Edms) Bpk, 'n nakomingspraktyk wat deur die Raad op Finansiële Dienste("FSCA")goedgekeur is. Hulle posadres is Posbus 856, Howard Place, 7450. Hulle kontaknommers is telefoon 021 686 3588 en faks 021 686 3589

7. Geliewe kennis te neem dat ons in oorleg met wetgewing, 'n volledige openbaarmakingsregister en Konflik van Belange beleid hou. Hierdie register en beleid het ten doel om u, ons kliënt, in kennis te stel van enige finansiële of eienaarskap belange wat ons mag toeval uit hoofde van ons werksaamhede. Dit lys ook die besigheidsverhouding wat ons met ons produkverskaffers het. Hierdie register verseker deursigtigheid en is beskikbaar vir insae.

8. Indien u ontevrede is met enige aspek van my diens, moet u u klagte skriftelik by die bogenoemde adres aan my rig. `n Kopie van die maatskappy se Klagtebeleid is op versoek asook op ons webwerf beskikbaar.

9. U sal van Openbaarmakings kennisgewings voorsien word soos deur wetgewing vereis.

10. U is bewus daarvan dat sodanige persoonlike inligting ooreenkomstig die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (POPI) hanteer moet word. U stem toe dat sodanige persoonlike inligting deur enige nodige derde party, soos die versekeraar, gebruik word. Deur hierdie brief te teken, stem u in dat u sodanige toestemming aan my verleen het. Verwys asseblief na ons POPI-beleid wat vanaf 10 Februarie 2014 op ons webwerf beskikbaar is. Sekere persoonlike inligting mag nodig wees om behoorlike finansiële advies te lewer asook vir bemarkingsdoeleindes.

11. U toestemming is nodig om sodanige inligting in te samel of andersins te verwerk. Indien daar enige persoonlike inligting is wat u nie op u gemak voel dat ek insamel en/of andersins verwerk nie, stel my asseblief skriftelik in kennis.

HANDTEKENING
Koos Smit
Makelaar
05/2019

Handtekening van ontvanger: ____________________

Datum: ____________________